



Resultate van die 2015/2016 Nasionale Mieliekultivarproewe

DIRK BRUWER, ZIRA MAVUNGANIDZE, DEON DU TOIT, THEODORA MATHOBISA
en THINUS PRINSLOO, LNR-Instituut vir Graangewasse

Resultate van die afgelope seisoen (2015/2016) word in die tabelle weergegee vir onder andere die westelike en oostelike produksiegebiede asook vir kort groeiers wat onder besproeiing geëvalueer is. Die proewe wat jaarliks gedoen word, word oor die hele mielieproduksiegebied in samewerking met saadmaatskappye gedoen. Die resultate word per lokaliteit gepubliseer sodat produsente kan sien hoe die kultivars in hulle betrokke gebiede presteer.

Tabelle 1, 5, 9 en 13 bevat die opbrengste per kultivar by die verskillende lokaliteite. Die KV is die koëffisiënt van variasie binne 'n proef en 'n waarde laer as 20% word as statisties goed beoordeel. Die KBV waarde dui die kleinste betekenisvolle verskil aan. Waar twee opbrengste met 'n groter verskil as die KBV verskil, beteken dit hulle is met 95% sekerheid betekenisvol verskillend van mekaar.

Tabelle 2, 6, 10 en 14 bevat statistiese parameters waarvolgens die geskiktheid van proewe bepaal word.

Tabelle 3, 7, 11 en 15 bevat die regressiewaardes vir $(Y = bx + c)$ waar b die helling is en c die afsnypunt op die y -as. Indien so 'n regressie getrek word teenoor 'n 1:1-lyn kan duidelik gesien word hoe 'n kultivar oor verskillende potensiale reageer. Die D -waarde dui stabiliteit aan – hoe nader aan nul, hoe stabiel is 'n kultivar oor verskillende lokaliteite.

Tabelle 4, 8, 12 en 16 gee 'n aanduiding van die agronomiese eienskappe van kultivars oor die afgelope seisoen.

Westelike streke

Vir die westelike streke is 46 kultivars oor 32 lokaliteite geëvalueer. Nie alle lokaliteite verskyn in die resultate nie, omdat van die proewe uitgelaat moes word vanweë statistiese beperkings.

Oostelike streke

Vir die oostelike streke is 50 kultivars oor 33 lokaliteite geëvalueer. Nie alle lokaliteite verskyn in die resultate nie, omdat van die proewe uitgelaat moes word vanweë statistiese beperkings.

Kort groeiers (besproeiing)

Vir die kort groeiers is 27 kultivars oor 22 lokaliteite geëvalueer. Nie alle lokaliteite verskyn in die resultate nie, omdat van die proewe uitgelaat moes word vanweë statistiese beperkings.

Algemeen

Vanweë die geweldige droogte in die meeste van die produksiegebiede is 'n groot getal proewe afgeskryf omdat daar feitlik geen opbrengste was nie. Ander proewe is op grond van statisties nie-aanvaarbare resultate uitgelaat. Dit gebeur as replikasies groot verskille toon en die KV dan baie hoog is. Dit het dus nie ten doel om inligting te versprei wat nie werklike resultate verteenwoordig nie en wat misleidend kan wees. Die doel van die gepubliseerde resultate is om wetenskaplik gefundeerde inligting aan produsente te verskaf.

TABEL 1: OPBRENGS (T/HA) WESTELIKE PRODUKSIEGEBIEDE (2016).

GENOTIPE	COLIGNY (0.9) ⁽¹⁾	COLIGNY (2.3) ⁽¹⁾	HOOG-KRAAL ⁽²⁾	MIGDOL ⁽³⁾	PUTFON-TEIN ⁽⁴⁾	TWEE-BUFFELS (0.75) ⁽¹⁾	TWEE-BUFFELS (1.5) ⁽¹⁾	VILJOENS-KROON ⁽¹⁰⁾	WESSELS-BRON P ⁽⁴⁾	GEMIDDELD
BG5285	2,69	2,48	11,26	2,21	6,67	2,93	3,67	3,16	6,65	4,64
BG5685R	3,01	2,72	11,15	1,71	8,25	3,32	2,47	2,82	6,01	4,61
BG5785BR	2,64	2,54	10,69	1,79	8,57	3,94	1,72	2,57	4,59	4,34
DKC68-58BR	3,12	3,65	8,92	2,46	4,67	3,50	2,16	3,23	6,22	4,21
DKC71-44B	2,99	3,06	9,47	1,83	7,62	3,06	1,98	3,19	6,17	4,37
DKC74-26R	3,33	2,64	9,47	1,93	7,27	3,26	2,73	3,08	3,62	4,15
DKC77-77BR	3,03	2,51	10,66	2,12	8,82	2,67	2,40	3,14	7,47	4,76
DKC77-85BGEN	2,12	2,08	10,67	2,04	7,13	3,24	2,52	3,38	5,31	4,28
DKC78-17B	2,11	2,34	11,64	1,67	8,13	3,92	3,91	2,99	5,29	4,67
DKC78-45BRGEN	1,75	2,32	9,77	1,88	8,87	3,44	2,02	2,70	5,37	4,24
DKC78-79BR	2,34	2,68	12,09	1,93	6,46	2,64	2,46	3,39	4,75	4,30
DKC78-87B	3,49	3,03	11,54	2,18	7,97	3,39	3,11	3,22	6,85	4,98
DKC80-40BRGEN	2,71	2,98	9,23	2,04	7,03	2,14	3,74	3,50	6,75	4,46
IMP51-22B	2,41	2,12	8,26	1,91	5,24	1,63	1,26	2,94	4,86	3,40
IMP52-11R	1,08	1,22	9,05	1,63	6,68	3,00	2,87	3,56	6,77	3,98
IMP53-49B	2,24	1,97	9,52	1,92	8,62	3,10	2,78	3,34	6,07	4,40
KKS4581BR	1,77	2,26	8,72	3,02	7,14	3,62	2,20	3,07	5,44	4,14
KKS8326B	1,92	1,80	7,49	1,39	6,67	1,75	1,84	2,50	4,79	3,35
KKS8403R	1,93	1,81	9,50	1,70	4,73	2,04	2,43	2,77	6,76	3,74
KKS8410BR	2,32	1,80	7,09	1,59	5,76	3,16	2,52	3,08	5,41	3,64
LS8518	1,99	2,08	8,25	2,17	6,41	2,28	2,52	2,76	5,47	3,77
LS8526	2,11	2,20	8,75	2,44	7,29	3,28	2,85	2,94	4,43	4,03
LS8533R	2,34	2,75	10,90	3,10	5,19	3,05	2,40	3,14	5,88	4,31
LS8536B	1,69	1,82	9,54	1,67	8,30	2,34	2,83	3,40	4,63	4,02

